Oordenking
12 April 2009.

Die Here het waarlik opgestaan.

'n Paar vroue, goeie vriende van Jesus, was in diepe rou en gevul met bitter teleurstelling na sy dood. Hulle het op die Sondagoggend na die kruisiging na die graf toe gegaan, net om uit te vind dat die steen voor die graf weggerol is. Toe hulle by die graf ingaan en rondkyk, kon hulle nie die liggaam van Jesus vind nie.
Die Skrif vertel ons dat *"hulle nie geweet het wat om daarvan te dink nie."*" Hulle was deurmekaar en verbaas, en het nie 'n idee gehad wat kon gebeur het en wat aangaan nie.

Dan verskyn twee engele aan hulle om hulle te vertel dat Christus opgestaan het uit die dood.
Die engele herinner die vroue daaraan dat Christus self profeteer het dat die kruisiging, die begrafnis en die opstanding uit die dood sou plaasvind. *Toe sê die manne vir hulle: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was. (Luk 24:6)* Toe het hulle sy woorde onthou!

Op Paassondag word geestelike blindheid weggeneem. Uiteindelik kan mense die boodskap van Christus sien en glo, naamlik die boodskap dat (Luk 24:7) *die Seun van die mens uitgelewer moet word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan."*

"Onthou hoe Hy met julle gepraat het," het die engele gesê. Dan onthou die vroue en hulle verstaan die boodskap van verlossing ten volle. Eers dan word hulle hartseer in vreugde verander.

Die Paasboodskap verander altyd hartseer in vreugde, dood in lewe, verlies in oorwinning! Vir die vroue en die dissipels van Jesus was Paassondag 'n wonderlike, heerlike en opwindende verrassing.
Wees verbaas, dood! Wees verbaas, sonde! Wees verbaas, dissipels wat rou! Wees verbaas skeptiese, moderne mens!
Jesus leef! Christus het opgestaan! Hy het waarlik opgestaan! Halleluja!